

**23 Augustus**

**Skrifgedeelte: Efesiërs 5:1-5**  
**Fokusgedeelte: Efesiërs 5:1-5**

**Lewe deur Christus *in liefde***

Watter tipe lewe pas by jou as gelowige? Jy staan (hopelik) bekend onder jou vriende, werksmense en kennisse as 'n navolger van Christus. As kind van God kán jy met die krag wat Hy jou gee deur sy Woord en Heilige Gees, elke dag met die ou, sondige mens binne jou breek. Al is ons van nature geneig om God en ons naaste te haat (dink maar aan die gevoel wat deur jou skiet as die taxi voor jou indraai ...!) Maar jy is nie meer 'n slaaf van die sonde nie.

Dit beteken die sonde is nie meer baas oor jou lewe nie, Christus is! As kind van God is jy nuutgemaak deur die Heilige Gees, kán jy volgens die voorbeeld van Jesus Christus kies. Omdat die Heilige Gees jou nuutgemaak het, jou hart van klip vervang het met 'n hart van vlees, kán jy die liefdeskeuse maak deur nie dinge te sê wat nie by 'n kind van God pas nie. "*Growwe, ligsinnige of vuil praatjies pas nie by julle nie; nee, dank aan God pas by julle*" (vs 4).

Dankbaarheid vir Christus se liefde, die feit dat Hy sy lewe opgeoffer het om ons te red (vs 2), dring ons om met wederliefde te antwoord. Liefde tot God en liefde vir alle mense met wie die Here ons paaie laat kruis. Hierdie liefde is nie selfgerig nie, maar God- en naastegerig. Gefokus op God se Koninkryk, sy Koningsheerskappy. Jou lewe en optrede moet mense wat God se liefde en sy liefdevolle regering nie ken nie, na Hóm toe trek. Jou lewe moet van 'n verhouding met Jesus Christus getuig.

Wanneer iemand egter God se hand van genade aanhou wegklap, met ander woorde volhard in 'n sondige, selfgerigte lewe, het só 'n persoon nie deel aan die koninkryk van Christus en van God nie (vs 5).

Lewe vandag 'n lewe wat pas by 'n kind van God, 'n dankbare lewe wat mense na Christus en sy kerk toe aantrek!

*Sing: Skrifberyming 3-3:1-4*

*Ds. OA Oosthuizen (Windhoek-Suid)*